

SEPHAKU HOLDINGS LTD

**SEPHAKU HOLDINGS BEPERK** (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 2005/003306/06) Aandeelkode: SEP ISIN: ZAE000138459
("Sephaku Holdings" of "die maatskappy" of "die groep")

# GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE VOORLOPIGE FINANSIËLE RESULTATE

## VIR DIE NEGE MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2013

- **Delmas- en Aganang-sementaanleg op koers om vroeg in 2014 met produksie te begin**
- **Verkryging van 100% van Métier Mixed Concrete**
- **Afhandeling van R1,95 miljard se skuldbefondsing vir Sephaku Cement**

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | 31 Maart 2013 Geouditeer R'000 | 30 Junie 2012 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| Nie-bedryfsbates | **995 956** | 644 424 |
| Bedryfsbates | **98 594** | 29 181 |
| **Totale bates** | **1 094 550** | 673 605 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | **740 525** | 672 623 |
| Nie-bedryfslaste | **260 379** | – |
| Bedryfslaste | **93 646** | 982 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **1 094 550** | 673 605 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **394,10** | 391,54 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | **267,37** | 391,54 |
| Gewone uitgereikte aandele | **187 901 843** | 171 790 732 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | 9 maande geëindig 31 Maart 2013 Geouditeer R'000 | 12 maande geëindig 30 Junie 2012 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| Inkomste | **37 195** | – |
| Koste van verkope | **(21 574)** | – |
| Bruto wins | **15 621** | – |
| Ander inkomste | **356** | 463 |
| Bedryfsuitgawes | **(35 825)** | (16 157) |
| Verlies met verkoop van belang in maatskappye | **–** | (5 629) |
| Beleggingsinkomste | **820** | 127 |
| Wins/(verlies) van ekwiteitsverantwoorde belegging | **6 191** | (107) |
| Finansieringskoste | **(1 949)** | – |
| **Verlies voor belasting** | **(14 786)** | (21 303) |
| Belasting | **(1 141)** | – |
| Verlies uit voortgesette bedrywighede | **(15 927)** | (21 303) |
| Wins vir die tydperk uit beëindigde bedrywighede | **–** | 22 296 |
| **(Verlies)/wins vir die tydperk** | **(15 927)** | 993 |
| **Ander omvattende (verlies)/inkomste vir die tydperk** | **(1 208)** | 12 683 |
| **Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die tydperk** | **(17 135)** | 13 676 |
| **Totale omvattende (verlies)/inkomste toeskryfbaar aan:** | | |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | **(17 135)** | 13 676 |
| **Basiese (verlies)/verdienste per aandeel uit totale bedrywighede (sent):** | **(9,17)** | 0,58 |
| – Voortgesette bedrywighede | **(9,17)** | (12,45) |
| – Beëindigde bedrywighede | **–** | 13,03 |
| **Verwaterde (verlies)/verdienste per aandeel uit totale bedrywighede (sent):** | **(8,93)** | 0,53 |
| – Voortgesette bedrywighede | **(8,93)** | (11,42) |
| – Beëindigde bedrywighede | **–** | 11,95 |
| **Wesensverlies per aandeel uit totale bedrywighede (sent):** | **(9,20)** | (13,27) |
| – Voortgesette bedrywighede | **(9,20)** | (26,96) |
| – Beëindigde bedrywighede | **–** | 13,69 |
| **Verwaterde wesensverlies per aandeel uit totale bedrywighede (sent):** | **(8,96)** | (12,17) |
| – Voortgesette bedrywighede | **(8,96)** | (24,73) |
| – Beëindigde bedrywighede | **–** | 12,56 |
| **Rekonsiliasie van basiese verdienste met verwaterde verdienste en wesensverlies:** | **R'000** | R'000 |
| Basiese (verlies)/verdienste en verwaterde (verlies)/verdienste uit totale bedrywighede toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | **(15 927)** | 993 |
| (Wins)/verlies met verkoop van nie-bedryfsbates | **(50)** | 5 629 |
| Wins met ontbondeling van Sephaku Fluoride Bpk | **–** | (30 445) |
| Waardedalings | **–** | 1 119 |
| Wesensverlies toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | **(15 977)** | (22 704) |
| **Rekonsiliasie van geweegde gemiddelde aantal aandele:** | | |
| Basiese geweegde gemiddelde aantal aandele | **173 613 522** | 171 080 349 |
| Verwaterde effek van aandeelopsies | **4 646 656** | 15 423 470 |
| Verwaterde geweegde gemiddelde aantal aandele | **178 260 178** | 186 503 819 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | 9 maande geëindig 31 Maart 2013 Geouditeer R'000 | 12 maande geëindig 30 Junie 2012 Geouditeer R'000 |
|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **(22 089)** | (19 776) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(96 972)** | (34 712) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **116 770** | 73 282 |
| **Totale kontantbeweging vir die tydperk** | **(2 291)** | 18 794 |
| **Kontant aan die begin van die tydperk** | **24 629** | 5 835 |
| **Kontant aan die einde van die tydperk** | **22 338** | 24 629 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | Verklaarde kapitaal R'000 | Totale reserwes R'000 | Behoue verdienste R'000 | Totale ekwiteit R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 30 Junie 2011 – Geouditeer** | 592 128 | (6 610) | 161 266 | 746 784 |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | – | 12 683 | 993 | 13 676 |
| Aandele uitgereik | 9 000 | – | – | 9 000 |
| Werknemeraandeel-opsieskema | – | 4 222 | 34 | 4 256 |
| Dividend *in specie* | (101 093) | – | – | (101 093) |
| **Saldo op 30 Junie 2012 – Geouditeer** | 500 035 | 10 295 | 162 293 | 672 623 |
| Totale omvattende verlies vir die tydperk | – | (1 208) | (15 927) | (17 135) |
| Aandele uitgereik | 80 556 | – | – | 80 556 |
| Werknemeraandeel-opsieskema | – | 4 481 | – | 4 481 |
| **Saldo op 31 Maart 2013 – Geouditeer** | **580 591** | **13 568** | **146 366** | **740 525** |

## AANTEKENINGE TOT DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE VOORLOPIGE FINANSIËLE RESULTATE

**Grondslag van voorbereiding**

Die verkorte gekonsolideerde voorlopige finansiële resultate vir die nege maande geëindig 31 Maart 2013 ("jaarlikse verslagdoeningstydperk") is voorberei in ooreenstemming met IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die openbaarmakingsvereistes van die JSE se Noteringsvereistes, die Maatskappywet No. 71 van 2008 (soos gewysig) en die SAIGR se finansiële verslagdoeningsriglyne soos deur die Raad op Rekenkundige Praktyk uitgereik, en voldoen aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS").

Die resultate is op 'n historiese koste-grondslag voorberei, buiten vir die meting van eiendom teen herwaardeerde waardes.

Die rekeningkundige beleide wat vir die jaarlikse verslagdoeningstydperk aanvaar is, stem ooreen met dié wat in die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 vir die groep toegepas is.

Die finansiële state is onder toesig van NR Crafford-Lazarus GR(SA) voorberei.

**Ouditmening**

Die finansiële resultate is geouditeer deur die groep se eksterne ouditeure, PKF (Gauteng) Ing. 'n Kopie van hulle ongekwalifiseerde verslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

| Segmentinligting | Vooraf-vervaardigde beton R'000 | Hoofkantoor R'000 | Groeptotale R'000 |
|---|---|---|---|
| Segmentinkomste – eksterne inkomste | 37 195 | – | 37 195 |
| Segmentuitgawes | (11 614) | (24 211) | (35 825) |
| Wins van ekwiteitsverantwoorde belegging | – | 6 191 | 6 191 |
| Segment wins/(verlies) na belasting | 1 995 | (17 922) | (15 927) |
| Belasting | (1 141) | – | (1 141) |
| Rente ontvang | 168 | 652 | 820 |
| Rente betaal | (1 394) | (555) | (1 949) |
| Waardevermindering | (1 691) | – | (1 691) |
| Segmentbates | 197 356 | 897 194 | 1 094 550 |
| Kapitaalbesteding ingesluit by segmentbates | 5 145 | – | 5 145 |
| Segmentlaste | (248 232) | (105 793) | (354 025) |

Die enigste mineraal of kommoditeit wat aktief deur Métier Mixed Concrete (Edms) Bpk ("Métier") beheer word, is voorafvervaardigde beton. Sephaku Cement (Edms) Bpk ("Sephaku Cement") is 'n geassosieerde van Sephaku Holdings. Geen segmentverslag word vir sement verskaf nie, aangesien die bedrae wat aan sement toegeskryf kan word, by die "Hoofkantoor"-segment ingesluit is.

## AANTEKENINGE TOT DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE VOORLOPIGE FINANSIËLE RESULTATE vervolg

**Verkryging van filiaal**

| **Besigheidsamevoeging** | **R'000** |
|---|---|
| Eiendom, aanleg en toerusting | 113 462 |
| Ander finansiële bates | 4 756 |
| Voorraad | 5 817 |
| Handels- en ander debiteure | 53 643 |
| Kontant en kontantekwivalente | 20 800 |
| Ander lenings en krediteure | (67 529) |
| Uitgestelde belasting | (9 681) |
| Huidige belasting betaalbaar | (10 410) |
| Handels- en ander krediteure | (52 421) |
| Uitgestelde inkomste | (1 308) |
| Netto bates verkry teen voorlopige billike waardes | 57 129 |
| Klandisiewaarde | 238 138 |
| | 295 267 |
| **Teenprestasie betaal** | |
| Kontant | 110 000 |
| Ekwiteitsinstrumente teen die genoteerde aandeleprys van R5 per aandeel soos op 28 Februarie 2013 | 80 556 |
| Uitgestelde verkoperslening van R125 miljoen verdiskonteer tot netto teenswoordige waarde | 104 711 |
| | 295 267 |
| **Netto kontantuitvloei met verkryging** | |
| Kontantteenprestasie betaal | (110 000) |
| Kontant verkry | 20 800 |
| | (89 200) |

Op 28 Februarie 2013 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Métier in 'n kombinasie van verkrygingsfinansiering en Sephaku Holdings-aandele vir 'n totale nominale koopteenprestasie van R365 miljoen verkry. Die totale billike waarde van die koopteenprestasie het R295 267 125 beloop.

**Klandisiewaarde**

Ingevolge IFRS moet klandisiewaarde verkry in 'n besigheidsamevoeging toegewys word aan die verkryger se kontantgenererende eenhede wat na verwagting by die sinergieë van die samevoeging sal baat. Hierdie toewysing van klandisiewaarde moet op die verkrygingsdatum uitgevoer word. Indien die aanvanklike toewysing nie afgehandel kan word voor die einde van die jaarlikse tydperk waarin die besigheidsamevoeging bewerkstellig word nie, moet daardie aanvanklike toewysing afgehandel word voor die einde van die eerste jaarlikse tydperk wat na die verkrygingsdatum begin.

Aangesien die koopprystoewysing nog nie teen die verslagdoeningsdatum uitgevoer is nie, het die verkryging gelei tot klandisiewaarde van R238 137 854, gebaseer op die netto batewaarde van Métier op 28 Februarie 2013. Op grond van die resultate van 'n redelikheidstoets wat uitgevoer is, is geen aanpassing vir waardedaling van klandisiewaarde nodig nie.

**Groepinkomste en wins vir volle finansiële tydperk**

Inkomste van R37 195 338 en wins voor belasting van R3 135 986 van Métier vir die maand Maart 2013 is by die huidige jaar se resultate vir Sephaku Holdings ingesluit. Bestuur beraam dat, indien die verkryging aan die begin van die verslagtydperk van nege maande van krag was, Métier R292 215 435 tot inkomste en R38 322 894 tot wins voor belasting sou bygedra het. Hierdie beraming is gegrond op bestuurstate vir die nege maande-tydperk. Métier het, op grond van hulle geouditeerde finansiële jaarstate, inkomste van R414 267 766 en wins voor belasting van R63 356 713 vir die 12 maande geëindig 28 Februarie 2013 getoon.

**Waardedaling van verwanteparty-lening ontvangbaar**

'n Voorsiening vir waardedaling van R6 835 864 is gedurende die tydperk op die ontvangbare lening van Cross Company Management (Edms) Bpk geskep.

**Verandering van finansiële jaareinde**

By 'n aandeelhouersvergadering wat op 11 Januarie 2013 gehou is, is daar besluit om die finansiële jaareinde van die groep van 30 Junie na 31 Maart te verander.

Die rede vir die verandering van jaareinde is om Sephaku Holdings in staat te stel om die geouditeerde finansiële resultate van Sephaku Cement ('n geassosieerde met 'n Desember-jaareinde) by sy finansiële jaarstate in te sluit.

**Verklaring oor lopende saak**

Die finansiële state vir die jaarlikse verslagdoeningstydperk is voorberei op grond van rekeningkundige beleide toepaslik op 'n lopende saak. Hierdie grondslag aanvaar dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en verpligtinge in die gewone loop van sake sal plaasvind.

**Gebeure na die jaarlikse verslagdoeningstydperk**

Die direkteure is nie bewus van enige wesenlike feit of omstandigheid wat tussen die einde van die finansiële tydperk en die datum van hierdie verslag ontstaan het wat wysigings aan of openbaarmaking in die finansiële resultate sal vereis nie.

**Veranderinge aan die direksie**

Op 2 Julie 2012 het dr GS Mahlati as nie-uitvoerende direkteur bedank, en mnr PM Makwana is op 11 Januarie 2013 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel.

Namens die direksie

**Neil Crafford-Lazarus**
*Finansiële direkteur*

**Lelau Mohuba**
*Hoof uitvoerende beampte*

Pretoria
27 Junie 2013

## KOMMENTAAR

Sephaku Holdings het in die nege maande tot 31 Maart 2013 belangrike mylpale bereik ter voorbereiding vir sy toetrede tot die sementbedryf vroeg in 2014.

Na die ontbondeling van nie-kernbeleggings en die bevestiging van sy kernbesigheid as 'n fokus op sement, het Sephaku Holdings homself beter in die bedryf geposisioneer. In ooreenstemming met sy onderneming aan aandeelhouers het Sephaku in die oorsigtydperk daarop gefokus om in nuwe produksiekapasiteit in die sementbedryf te belê, vir sy marktoetrede voor te berei en aanvullende kapasiteit te verkry.

Die konstruksie van Sephaku Cement se maalaanleg van R3,2 miljard in Delmas en die Aganang-klinker-en-sementaanleg was teen jaareinde albei op 'n gevorderde ontwikkelingstadium en albei aanlegte is op skedule om in die eerste twee kwartale van 2014 met produksie te begin. Die Delmas-sementmaalaanleg in Mpumalanga sal ongeveer 55% van die klinker wat by Aganang geproduseer word, ontvang om verder te verwerk, en is op koers om in die laaste kwartaal van 2013 voltooi te word, met produksie wat in Januarie 2014 sal begin. Die Delmas-aanleg sal 'n kapasiteit van 1,4 miljoen ton per jaar ("Mtpj") vir sement hê. Die Aganang-aanleg in Noordwes sal in die tweede kwartaal van 2014 met produksie begin, met die kapasiteit om 1,9 Mtpj klinker en 1,2 Mtpj sement te produseer wanneer dit ten volle in bedryf gestel is.

Die verkryging van Métier ondersteun Sephaku se groei- en beleggingstrategie om sy posisionering in sement en sementverwante produkte en dienste te versterk. Met die vervaardiging en verskaffing van kwaliteit-voorafvervaardigde betonprodukte vir die residensiële, kommersiële en industriële mark in Suid-Afrika as kernbedrywigheid bied Métier 'n breër inkomstebasis in die boumateriaalmark en die onmiddellike voordeel van kontantvloei aan Sephaku Holdings. Dit bied ook bate- en geografiese diversifisering en die potensiaal vir vertikale integrasie, aangesien Métier 'n verbruiker van sement en vlieg-as is, wat albei deur Sephaku Cement verskaf word. Sephaku bied op sy beurt weer ondersteuning aan Métier.

Sephaku het 'n unieke stel mededingingsvoordele wat sy marktoetrede en langertermyngroeidoelwitte ondersteun:

- Sephaku Cement is die eerste nuwe toetreder tot die plaaslike sementmark sedert 1934, en het een van die laaste ekonomiese kalksteenneerslae verkry, met bewese grondstowwe om 'n 30-jaar-lewensduur vir die myn te ondersteun.
- Met sy eie vlieg-as bron by Eskom se Kendal-kragstasie, beheer Sephaku Cement sy aanvullerbron, terwyl Kendal se nabye ligging aan die Delmas-aanleg 'n kostevoordeel sal verskaf in die mark wat deur die Delmas-aanleg bedien word.
- Die gebruik van gevorderde wêreldklastegnologieë by die nuwe aanlegte sal meer doeltreffende en meer omgewingsvolhoubare bedrywighede moontlik maak, wat Sephaku in staat sal stel om 'n laekosteprodusent te wees.
- Sephaku Cement en Métier het albei bestuurspanne met uitgebreide ervaring in hulle sektore.
- Sephaku het die steun van Dangote, die grootste sementprodusent in Afrika, wat aansienlike geleentheid vir langertermyn geografiese uitbreiding verskaf.

Kliëntediens sal 'n belangrike onderskeidende kenmerk in Sephaku Cement se markpenetrasie en -behoud wees, en die onderneming het verskeie strategieë geïmplementeer om te verseker dat konstante hoë diensvlakke gehandhaaf word.

**Vooruitsig**

Sephaku Holdings is goed geposisioneer met beduidende mededingingsvoordele om suksesvol mee te ding en waarde vir aandeelhouers toe te voeg. In die komende jaar sal Sephaku Cement daarop fokus om produksievolumes te verhoog, produk- en kliëntaanvaarding te toets en vir marktoetrede te posisioneer. Métier se finansiële resultate is vanaf 1 Maart 2013 ten volle met dié van Sephaku Holdings gekonsolideer. Métier sal die deurlopende uitbreiding van sy aanlegnetwerk in Gauteng en KwaZulu-Natal voortsit. Sy belangrikste strategiese fokus bly die handhawing van groei in inkomste en winste onder uitdagende markomstandighede.

**Maatskappy-inligting**

**Direkteure**

B Williams (Onafhanklike voorsitter), Dr L Mohuba* (Hoof uitvoerende beampte), NR Crafford-Lazarus* (Finansiële direkteur), RR Matjiu* (ISD uitvoerende direkteur), CRDW de Bruin, PF Fourie, Dr D Twist, MM Ngoasheng, MG Mahlare (Onafhanklik), PM Makwana (Onafhanklik), J Bennette#, JW Wessels#

**Uitvoerend #Alternatief*

**Maatskappysekretaris**

Jennifer Bennette

**Geregistreerde kantoor**

1ste verdieping, Hennops Huis
Riverside Kantoorpark
Heuwellaan 1303
Centurion, 0157

**Oordragsekretaris**

Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001

**JSE-borg**

QuestCo (Edms) Bpk

**www.sephakuholdings.co.za**

GREYMATTER & FINCH # 7517